



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 93: 12 Augustus 2016

BEGROTING VIR 2017

Die skool en die Beheerliggaam begin binnekort met die opstel van die begroting vir 2017. Hierdie proses word uiteraard met die grootste omsigtigheid benader, veral gesien in die lig dat skoolgelde die primêre bron van inkomste is, en dat die vermoë van ouers om die skoolgeld te betaal, nie onbeperk is nie.

Dis daarom noodsaaklik dat alle ouers op hoogte sal wees van die uitgawe-behoeftes, en dat, sou inligting deurgegee word, almal hulle daarvan sal vergewis. Skoolgelde kan baie maklik 'n emosionele speelbal word wat uiteindelik tot die nadeel van 'n skool kan strek as ondeurdagte emosionele besluite geneem word.

Ten eerste moet ons ouers die Beheerliggaam, wat immers deur hulle verkies is, vertrou dat hulle die beste belange van ALMAL sal dien. In die tweede plek moet ons hele skoolgemeenskap dit eens wees dat kapitaal-projekte, wat tot ontwikkeling en vooruitgang bydra, noodsaaklik is, en dat hierdie projekte groot druk op enige begroting kan plaas. Om sulke projekte bloot te vermy of uit te stel ten einde skoolgelde laag te hou, is egter teenproduktief en kan die stadige agteruitgang van die skool tot gevolg hê. In die derde plek is dit 'n gegewe dat addisionele personeel tot die getal wat deur die staat voorsien word, uit skoolfonds aangestel en vergoed moet word. Dit bly die plig van die skool se bestuurspan, sowel as die Beheerliggaam, om te bepaal hoeveel onderwysers en ander personele benodig word om die skool se standarde te handhaaf. Op sigself is dit nie altyd 'n maklike taak nie. Soos in geval van kapitaalprojekte plaas salarisse baie groot druk op ons skoolfonds.

Maklik is hierdie taak beslis nie, maar die deurslaggewende element wat altyd vooropgestel moet word, is dat die beste belange van ons leerders gedien word. Dis egter nie net ons huidige leerders wat deur begrotings geraak word nie, maar ook ons toekomstige leerders. Elke begroting laat immers iets na vir die toekoms van hierdie skool, en dit behoort vir die huidige geslag hul trots te wees. U voorbidding word dus gevra vir hierdie proses, en die uitnodiging word hartlik gerig dat elke ouer sal reageer wanneer insette gevra word.

INTERSKOLE VOLGENDE WEEK

Ons jaarlikse Interskole teen Hoërskool Nico Malan van Humansdorp vind volgende naweek hier by Framesby plaas. Groot dinge word vir die dag beplan, en ons wil u hartlik uitnooi om die dag hier by ons te kom geniet en ons sportmanne en -vroue te ondersteun.

Hierdie bepaling vorm ook deel van Eerste Nasionale Bank se Classic Clashes. Ons is werklik bevoorreg om deel van hierdie veldtog te wees. Dis die hoogtepunt op ons sportkalender. Sien u almal daar!

NISSAN MICRA
om te wen!



Kaartjies @ R100 is by ons leerders te koop

**INTERSKOLE VS
NICO MALAN**
volgende naweek
Groot Brag
Vrydag

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Jan Marais 12G
Monique Marais 8D

Sondag

Morne Prince 9B

Maandag

Luan Ras 10A
Megan Tait 10A
Chad van Rensburg 9D

Dinsdag

Nicole Hills 11E

Woensdag

Viaan Wolmarans 11B

Donderdag

Annene Dreyer 12C
Brendon Marais 8F

Vrydag

Micaela Bernardo 11E
Jean-Pierre Greyling 11B
Duncan Steenkamp 12F



FRAMESBY IS BESIG!



GOEIE ONDERVINDING VIR NETBALSPANNE!

Soos verlede week berig, het ons O/19A-netbalspan, sowel as die O/16A-span, deurgesing na die nasionale Skole Uitdaagtoernooi wat in Boksburg aangebied is. Twee spanne uit elke provinsie was daar teenwoordig en die heel beste spanne het sake uitgespook.

Alhoewel ons twee spanne maar swaar getrek het teen die strawwe teenstand, het hulle steeds uitstekend gespeel en geweldig baie ondervinding opgedoen. Die liga in die Oos-Kaap is ongelukkig bloot nie sterk genoeg om werklik met die spanne uit die Vrystaat en Transvaalse provinsies meet e ding nie.



Dit was egter n WONDERLIKE prestasie om daar deel te neem, en ons is BAIE trots op ons dames!

ONS EERSTE NETBALSPAN IN VROLIKE LUM

SPORTUITSLAE VAN VERLEDE WEEK

Ons rugbyspanne het verlede week teen Otto du Plessis gespeel en al die spanne het gewen. Tot 'n paar jaar gelede was hierdie 'n baie moeilike bepaling waar ons spanne dikwels baie diep moes delf om die knoop deur te haak. Die afgelope Saterdag het egter gewys dat ons spanne in 'n baie hoër liga speel en daarom fisies net te sterk was. Al die tellings was redelik hoog. Om onself hieroor op die skouer te kloep en te dink ons is goed, sal die grootste fout wees, veral in die lig van hierdie naweek se bepaling teen Oakdale en die Interskole volgende week.

Oakdale speel deur die bank uitstekende rugby en, soos dit maar gaan met die Landbouskole, openbaar hulle 'n aansteeklike trots en entoesiasme wat jy moeilik blus. Ons spanne het dus 'n GROOT uitdaging wat hierdie naweek voorlê!

Ons Dogtershokkiespanne het na Grahamstad gereis om daar teen die meisieskool, DSG, te speel. Alhoewel al ons spanne maar redelik swaar gekry het, en al hul wedstryde verloor het, het ons eerstespan fantasties gevaar en 3 – 1 gewen teen DSG se tweedespan. Pragtig meisies! Dis duidelik dat al die harde werk en ondervinding wat julle in die Kaap opgedoen het, nou vrugte afwerp. Hou so aan, en vat Riebeeck College hierdie naweek behoorlik vas.

Ons netbalspanne het nie verlede naweek teen Otto gespeel nie, omdat ons eerstes en O/16's in Boksburg was. Hierdie wedstryde is gistermiddag voltooi en al ons spanne het gemaklik gewen. Baie geluk aan almal. Gebruik hierdie af-naweek om julle voor te berei vir die groot challenge volgende naweek teen Nico Malan!

Hierdie naweek speel ons rugby- en gholfspanne teen Oakdale, en die Hokkiespanne teen Riebeeck College, alles tuis. Kyk gerus op bladsy 3 vir die volledige program. Dit behoort 'n opwindende sportdag te wees!

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK

Saterdag 13 Augustus	Sondag 7 Augustus	Maandag 8 Augustus	Dinsdag 9 Augustus	Woensdag 10 Augustus	Donderdag 11 Augustus	Vrydag 12 Augustus
Rugbybepaling vs Oakdale (t) Hokkiebepaling vs Riebeeck (w) Landloop: OP-kampioenskappe Danseksamen	Danseksamen	Dag 1 Sondagsrivier Kunsfees	Dag 2 Sondagsrivier Kunsfees	Dag 3 Landloop: Interhuis en afsluiting Sondagsrivier Kunsfees	Dag 4 Interskole: Gholf Sondagsrivier Kunsfees	Dag 5 Interskole: Kultuur GROOT BRAG Sondagsrivier Kunsfees

FRAMESBY IS TROTS OP



ONS BULSPAN – DIE O/14 A'S!

Sedert 2014 is Framesby stelselmatig besig om ons rugby-opset op te gradeer en om veral met ons afrigting die vaardighede van ons spelers aansienlik te verbeter. Vir hierdie doel is die dienste van een van ons oud-leerders, mnr. Reynders Barnard, te bekom. Saam met hom vorm mnre. Scriven en Grundlingh 'n gedugte span wat die hele O/14-groep tot ongekende hoogtes neem.

Tans vaar ons O/16A-span, sowel as die O/15A-span, uitstekend, en dis duidelik dat die goeie werk wat met hulle tydens hul O/14-jaar gedoen is, groot vrugte afwerp.

Vanjaar se O/14's span egter die kroon op die harde werk wat deur die afrigtingspan ingesit word. Hulle het reeds tydens die April-vakansie die GROTE deurgehaak deur Grey College ore te sit, waarna hulle goeie oorwinnings teen Boland Landbou en Grey High School behaal het, om net 'n paar te noem. In die lig hiervan word daar met groot verwagting uitgesien na die wedstryde teen Oakdale hierdie naweek. Hou julle voete op die grond, manne, en maak ons nog meer trots. Hierdie boere uit die Suid-Kaap is 'n harde neut om te kraak!

Met die uitstekende werk wat hierdie afrigters by ons O/14's doen lyk Framesby se rugby-toekoms rooskleurig! Baie dankie mnre. Barnard, Scriven en Grundlingh. Julle is ons fondament-lêers vir 'n baie stewige gebou!

LEAH DRAF DIE TAALBOND-EKSAMEN MET VLIËNDE VAANDELS KAF!

Leah Nell, een van ons Graad 11-leerders, het in die nasionale Taalbond-eksamen, wat vroeër vanjaar geskryf is, wonderlik presteer deur 12de te eindig uit meer as 1 400 inskrywings landwyd!

Hierdie eksamen toets tweetaligheid en die kompetisie is besonder straf. Om dus in die top 20 te eindig is 'n fenomenale prestasie. Baie geluk Leah. Framesby is ongelooflik trots op jou!



JANRÉ GEKIES VIR OP SENIORS!

Janré Viljoen, wat pas teruggekeer het uit die buiteland, waar hy Suid-Afrika in tennis verteenwoordig het, is onlangs ingesluit in die senior OP-mans-span. Dis die eerste keer hierdie eer hom te beurt val. Baie geluk, Janré!

SPORTPROGRAM VS OAKDALE EN RIEBEECK

RUGBY vs OAKDALE (Tuis)

Tyd	A-Veld	Tyd	B-Veld	Tyd	C-Veld
08:30	O/14A	08:30	3de	08:30	O/16B
09:30	O/15A	09:30		09:30	
10:30	O/16A	10:30		10:30	O/14B
11:45	2de	11:30	4de	11:30	O/15B
13:00	1ste				

HOKKIE vs RIEBEECK COLLEGE (Weg)

Tyd	A-Veld	B-veld
08:30	2de	O/16B
09:30	1ste	O/16A

ALGEMEEN EN SIELSKOS

DIE STAD VAN GOD

Daar kom telkens weer tye van ingrypende veranderinge in die geskiedenis, wanneer dit vir diegene wat in die bestaande orde geborgenheid en vastigheid besit het, voel asof alle vertroude waardes omgekeer word en die grond onder hulle voete verdwyn. Dit is net begryplik dat hulle dan bedreig voel, die toekoms met vrees en sorg tegemoet sien, en onseker is oor hoe so 'n situasie hanteer moet word. Dit kan vir hulle tot 'n diep traumatiese ervaring word.

In sulke tye moet 'n mens se geloof in God aan jou die perspektief gee om rustig te kan bly en die toekoms met vertroue tegemoet te kan gaan. Soos dit vir individue geld dat traumatiese tye vir hulle die moontlikheid van groei en verdieping inhou as hulle dit reg verwerk, so kan dit ook met 'n gemeenskap wees. Die geskiedenis ken baie voorbeelde daarvan dat die negatiewe die saad van die positiewe bevat het. Een van die bekendste voorbeelde is die val van die magtige Romeinse Ryk toe die Wes-Gote in die jaar 410 Rome ingeneem en geplunder het. Die Romeinse selfbewussyn is 'n gevoelige slag toegedien. Die verwarring was groot. Daar is gevrees dat dit die einde van die beskawing sou wees en Christene het hulle hart vasgehou vir die toekoms van die kerk. Maar alles het tog anders uitgewerk. Die val van Rome het 'n groot geleentheid geword vir die kerstening van Europa. Die Grieks-Romeinse beskawing het Europa binnegedring en 'n invloed verkry waarvan ons nog steeds die vrugte pluk. Soos dit so dikwels in die geskiedenis gebeur het, het die verleentheid van die oomblik op die lang duur 'n geleentheid geblyk te wees wat die betekenis van Rome veel groter gemaak het as wat dit ooit tevore kon wees. Augustinus het in daardie tyd sy groot werk oor die Stad van God geskryf. Hy wys sy tydgenote daarop dat alle aardse ryke maar van tydelike aard is en vergaan, ook vanweë hulle eie goddeloosheid. Maar die Ryk of die Stad van God kan nooit ondergaan nie. Christene is dus mense met 'n vergesig. Hulle kyk nie teen die onmiddellike vas nie, maar verstaan dat daar 'n vaste hand aan die stuur van dinge is. Augustinus het gelyk gehad. Omdat dit in die wêreld om meer as die aardse stede en state gaan, verloop die geskiedenis nie net negatief nie. Uit die verwarring van 'n bepaalde uur kan ontwikkelinge gebore word wat ons verwagtinge totaal te bowe kan gaan, omdat dit dienstig is van die Stad van God. Omdat die lewende God die wêreld regeer, mag ons hoop en glo dat elke moeilike uur van ons pad die begin kan wees van iets wat beter en grootser is as wat ons tevore beleef het. En as ons dit glo, kan ons ook onder die moeilikste omstandighede positief bly en ons getuienis as Christene blymoedig uitleef.

Uit *Die Burger*, 31 Augustus 1987

GR 12 EİNDEKSAMENROOSTER

Die Graad 12's se eksamen begin vanjaar reeds op Woensdag 19 Oktober met die Rekenaar-toepassingstegnologie se praktiese eksamen. Die amptelike afskeidseremonie sal egter eers op Vrydag 21 Oktober plaasvind. Alle matrieks moet hierdie geleentheid bywoon. Hulle ontvang ook hul departementele roosters en toegangsbriewe op hierdie dag.

	09:00	14:00
Wo. 19 Okt	CAT V1 (3h)	
Do. 20 Okt	IT V1 (3h)	
Wo. 26 Okt	Eng. P1 (2h)	
Do. 27 Okt	Rek. (3h)	
Vr. 28 Okt	Wisk/WG 1 (3h)	
Ma. 31 Okt	Wisk/WG 2 (3h)	
Di. 1 Nov		
Wo. 2 Nov	Geo. V1 (3h)	Geo V2 (1½h)
Do. 3 Nov	Afr. V1 (2h)	CAT V2 (3h)
Vr. 4 Nov	FW V1 (3h)	
Ma. 7 Nov	FW V2 (3h)	
Di. 8 Nov		
Wo. 9 Nov	Eng HL P2 (2½h) Eng. FAL P2 (2h)	
Do. 10 Nov		Toer (3h)
Vr. 11 Nov	LW V1 (2½h)	
Ma. 14 Nov	LW V2 (2½h)	IGO V1 (3h)
Di. 15 Nov		VS (3h)
Wo. 16 Nov	Afr V2 (2½h)	IGO V2 (3h)
Do. 17 Nov		
Vr. 18 Nov		
Ma. 21 Nov		
Di. 22 Nov	BS (3h)	Mus. V1 (3h)
Wo. 23 Nov		Mus V2 (1½h)
Do. 24 Nov		IT V2 (3h)
Vr. 25 Nov	Eng P3 (2½h)	
Ma. 28 Nov	Afr V3 (2½h)	